Pêrels van wysheid van Blaq Pearl

2010-03-10 01:28
Druk hierdie artikel

Janine van Rooy oftewel Blaq Pearl.Foto: Cheslyn Abrahams

Deborah Steinmair

In die Kaapse digter en sangsensasie Blaq Pearl se musiek heul die klanke van Afrika, soul, jazz, hip-hop en Rhythm 'n' Blues.

Blaq Pearl oftewel Janine van Rooy het op Mitchells Plein grootgeword "en daar is 'n klomp dinge wat mens elke dag face daar". Haar ouers het haar beskut grootgemaak. "Ek het baie fearful grootgeraak basies."

Op 12 het sy gevoel sy wil nie lewe in 'n wêreld wat so wreed is dat 'n mens om elke hoek en draai moet bang wees nie. "Toe voel ek 'n bietjie suicidal, gaan na my kamer en begin skryf wat ek voel. Ek het baie dinge gevoel,maar in vier lyne kon ek describe wat exactly binne-in aangegaan het: 'My life is like a roller coaster/ it keeps going up and down /It plays the same old tune each day /the beat goes on and on'". Dit het 'n liedjie geword: "Life's not a metaphor" wat in haar sterk, hipnotiese stem hier en oorsee direk tot mense se harte spreek. Die res is geskiedenis. Van daardie dag af het musiek, die kreatiewe lewe, haar oorlewingsmeganisme geword.

Die grootste invloed op haar loopbaan was haar talentvolle broer Mario, vier jaar ouer as sy, wie se rapper-naam Mr Devious was. In Januarie 2004 het hy sy pa te hulp gesnel toe 'n tienerbende hom op die Kaapse Vlakte beroof. Mario is in die nek gesteek en het aan sy wonde beswyk. Sy vertel: "Soos ek grootgeraak het, het ek altyd maar gehoor, sy poetry, rap, hip-hop en automatically saam met hom gerap, somtyds vra hy my om 'n chorus te kom sing. Ek het maar cover versions gesing by family functions, by die spring queen toe ek 'n chubby dogtertjie van tien was, met 'n rokkie aan, sing daar met 'n backtrack van Whitney Houston." Hulle het meestal na internasionale musiek en hul ouers se musiek geluister: Aretha Franklin, Mariah Carey, Ella Fitzgerald.

Van Rooy is in die Sondagskool grootgemaak, waar hulle altyd koortjies gesing het. Haar stem is deur die kerk ontdek, waar sy altyd moes voorsing: "Dis hoe die pad my gelei het."

Sy het 'n graad in sielkunde, maar het van vroeg af geweet om musiek te maak, is die rede vir haar bestaan. "Dinge het net begin in plek val, dinge wat ek nie beplan het nie, wat net opspring." Inspirasie is oral: "Elke dag se lewe inspireer my, familie, vriende, situasies wat ek deurgaan, persoonlike dinge, society. Dinge wat in my lewe aangaan wat my motivate, my groot lesse leer."

Van Rooy se huistaal is Afrikaaps: "Soos ek praat, so skryf ek. Ek kan nie suiwer Afrikaans praat nie, dis nie in my culture nie. Soms klink ek bietjie rof, maar ek keep dit net real, om net te wees wie jy is, true te wees aan jouself. Dit het 'n rippeleffek op mense." Afrikaaps is

ook die naam van die produksie waaraan sy saam met Jitsvinger, Emile Jansen, Kyle Shepherd en ander werk. Dit open 7 April in die Baxter. Sy vertel met groot entoesiasme: "Afrikaaps is ge-workshop deur 'n amazing castof artists van die Kaap, almal original authentic writers en performers van ons eie musiek, ons is die skrywers van die produksie. Daar is 'n groter concept, maar die stap vir stap sit ons bymekaar." Sy vertel daar is deurentyd musiek: "different types, traditional Khoi sounds, somtyds 'n Klopse song, dan weer 'n hardcore hip hop track en dan skielik 'n Malay voice wat deurkom. Daar is vinnige tye, stadige tye, amper soos onse lewe is."

Sy praat oor Kaapstad se unieke uitdrukking, energie en menswees: "Ons wil daai omhels. Pride en dignity restore van ons mense; taal speel 'n groot rol in wie jy is, waar jy vandaan kom en waarheen jy wil gaan."

Van Rooy het 'n passie om mense te help en gebruik haar sielkunde-agtergrond in slypskole met jongmense, waar sy kreatiewe skryfwerk en musiek as metodologie gebruik. Sy word ook deur internasionale organisasies genooi om oorsee te gaan praat en optree, soos onlangs in Swede waar sy in onder meer die Riksteater opgetree het.

Haar suksesresep: Om deur te druk, al raak dit moeilik. "My support base is my ma, my ouma – ek het baie sterk vroue om my wat rolmodelle was – my cousins om te chill, uit te hang, te lag, my vriendinne, en as ek kerk toe gaan, kry ek spiritual moed daar."

Van Rooy se eerste CD word eersdaags uitgereik en sy is op 'n goeie plek. Sy en haar groep is geesdriftig op pad. Sy het besef niemand anders gaan haar drome vir haar uitleef nie. Sy is klein, fyn en intens en die ritme en musikaliteit van haar verteltrant hipnoties soos 'n rap-liedjie. Blaq Pearl kaats baie lig: "Ek is dankbaar vir almal en alles. My ma het my geleer om altyd dankie te sê."

- Die Burger